



**Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging**  
(Geregistreer in terme van Wet 62 van 1998)  
**South African Stud Book and Animal Improvement Association**  
(Registered in terms of Act 62 of 1998)

Adres/Address:  
Telefoon/Telephone:  
Faks/Fax:  
e-Pos/Mail:  
Internet:

Posbus / PO Box 270 • BLOEMFONTEIN • 9300  
(051) 4100900  
(051) 4473964  
info@studbook.co.za  
http://www.studbook.co.za



**CERTIFICATE  
OF QUALITY**  
Valid up to  
1 April 2024

Lid van die Internasionale Komitee vir Diereverbetering  
Member of the International Committee for Animal Recording

05 Junie 2023

Aan alle Telersgenootskap verteenwoordigers, deelnemers aan, en gebruikers van Stamboek se Logix dienste en produkte.

Beste Telersgenootskap-verteenwoordiger, gebruiker van Stamboek se Logix dienste en produkte, en ander rolspeler,

### **SA STAMBOEK PRYSLYS en FAKTURERING vanaf 1 Julie 2023**

SA Stamboek se Spesiale Algemene Begrotingsvergadering van 1 Junie 2023 het die voorgestelde begroting, pryslys en wyse van fakturering vir die finansiële jaar 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 goedgekeur.

Die strategie om Stamboek op die wenpad te hou was tydens die afgelope twee (2021 en 2022) Algemene Jaarvergaderings en in detail-gesprekke tussen Stamboek se uitvoerende komitee (EXCO) en afvaardigings van verskeie Telersgenootskappe bespreek.

Die groen lig om Stamboek op 'n vernuwende rigting te stuur, is by verlede jaar se Algemene Jaarvergadering gegee. Hierdie aksies werp al reeds vrugte af tot voordeel van ons lede en die veeboere wat van Logix dienste en produkte gebruik maak.

Die formaat van die aangehegte voorgestelde nuwe pryslys verskil ietwat van die pryslys van die verlede omdat die dienste en produkte wat aangebied word meer logies per spesie en/of stelsel (bv vleisbeeste versus melkbeeste) uiteengesit word. Dit is dus makliker die volledige lys op te kyk vir die betrokke ras of spesie.

Oorwegend is gepoog om die prysaanpassings laer as inflasie en algemene prysstygings vas te pen, behalwe in gevalle waar dit nie moontlik was nie. In sekere gevalle word geen prysaanpassings voorgestel nie (soos byvoorbeeld vir genomiese toetse vir beeste en kleinvee waar Stamboek vir pryse by laboratoriums beding).

**In die meeste gevalle is die manier waarop fakturering bereken word onveranderd gelaat, behalwe vir twee belangrike veranderings:**

- **Per kapita dierfooie heffing van beeste**

Die 2022 Algemene Jaarvergadering het besluit dat die per kapita ouderdom by beeste verlaag moet word vanaf 24 maande en ouer diere na 12 maande en ouer diere toe. Met ander woorde **vanaf 1 Julie 2023 sal alle beeste 12 maande en ouer in vleisbeeste kuddes en melk kuddes (wat nie aan Logix Melk deelneem nie) **belas word****. Dit is uiters belangrik dat die implikasie hiervan baie duidelik verstaan moet word en elke deelnemer moet sorg dat hulle kuddes se **per kapitalyste betyds op datum gebring word voor 1 Julie 2023**.

Let asseblief daarop dat daar alternatiewe reëlings geld vir die Santa Gertrudis en Nguni Telersgenootskappe en dat die Kudde- en Dierfooie nie op hulle telers betrekking het nie.

- **Kleinvee** (Vleis- en wolskape en bokke, uitgesonder melkbokke) **dierfooi**.

As gevolg van die historiese aanloop, was kleinvee op verskillende maniere vir Stamboek dienste gefaktureer. Sommige kuddes was op 'n per-kapita basis aangeslaan vir alle diere in die kudde op 1 Julie van die betrokke jaar. Daar is egter kuddes wat as “prestasielkuddes” bekend staan waarvoor die per-kapita fakturering nie kon werk nie vanweë die aantekeningstryktyke wat gevolg word. Die twee metodes word nou gekonsolideer vanaf 1 Julie 2023. Alle kleinveelkuddes (uitgesonder SA Vleismerino en Dohné Merino waarvoor daar 'n spesiale reëling bestaan) word nou onder dieselfde kam geskeer.

Die huidige per-kapita fakturering (vir 'n groot gedeelte van die kleinveelkuddes) word nou vervang met 'n maandelikse “aanwas-fakturering”. Hierdie eenmalige betaling vir alle dienste vir elke lam gebeur net eenmalig en geld vir die res van sy/haar lewe. Met ander woorde, die betrokke dier sal nie weer belas word nie. Let ook daarop dat daar 'n laer fooi is in die geval waar diere eers op 'n later ouderdom (18 maande en ouer) op die stelsel opgeneem word (vir diere sonder produksie-data). Dit is gewoonlik *ad hoc* gevalle.

Die gevolg van die voorstel is dat die huidige dierfooi vir kuddes wat onder die “aanwas fakturering” of ook bekend as die prestasie-opsie belas was met meer as die beplande om en by 6% sal styg, en dat die kuddefooi heelwat aangepas word (vanaf R700 na R1 000 per jaar, gefaktureer op 1 Julie 2023). In die normale praktyk sal die telers gefaktureer word vir die diere wat op Logix opgeneem was tydens die vorige maand (hetsy by wyse van 'n geboortekennigsewing of die aanmeld van die geboorte by wyse van 'n speengewig van die lam, soos tans met die prestasie-opsie). Die eerste fakturering vir hierdie aanwas sal einde Julie 2023 plaasvind en daarna maandeliks. Die eerste fakturering sal alle nuwe lammers wat vanaf 1 Junie 2023 gebore is insluit.

Hierdie besluit het sekerlik ook uitdagings maar maak die speelveld gelyk vir alle kleinveetelers, ongeag ras of stelsel.

Stamboek se Uitvoerende Komitee, bestuurspan en elkeen van die personeel is tot u diens. Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak indien daar onduidelikheid is oor enige diens, produk en veral die fakturering daarvan nie.

Vriendelike groete



**Japie van der Westhuizen**  
**HOOFBESTUURDER**